

# MATLABAS CUSTODIANS

PROTECT | DEFEND | IMPROVE

## NUUSBRIEF 2022
### Jaargang 3

MATLABAS PLAASWAG

PROTOSPAN MATLABAS

MATLABAS PROTECTION CONNECTION
THE SAFEST POINT OF VIEW

MATLABAS IMPROVEMENT MOVEMENT
for our people...

MATLABAS CONSERVATION INITIATIVE

# MATLABAS PLAASWAG

**Insidente Desember:**

- Koper Diefstalle
- Renoster Stroping
- Voertuig Diefstal
- Wild Stroping

**Suksesse Desember:**

- Diefstal van springstof op myn te Northam area. Inligting is ontvang, waarna SAPD ondersoek ingestel het. Twee verdagtes is aangekeer en gearresteer.
- Koper diefstal te Dwaalboom area. Inligting is ontvang en lede is ontplooi. Een verdagte is opgespoor en gearresteer deur Dwaalboom SAPD. Groot hoeveelheid koper is teruggekry.
- Renoster Stroping. Na inligting ontvang is, is verskeie instansies en SAPD BSE in kennis gestel en geaktiveer. Verdagte voertuig is opgespoor en gestop deur SAPD waarna 'n vuurwapen en horings in die voertuig gekry is. Vyf verdagtes is gearresteer. Saak word verder ondersoek deur SAPD BSE.
- Nege Gesteelde/Gesoekte voertuie is oor die groter gebied teruggevind

## SUKSESSE STATISTIEK 2022

| | TOTAAL VIR 2020 & 2021 | JAN 2022 | FEB 2022 | MAR 2022 | APR 2022 |
|---|---|---|---|---|---|
| GESTEELDE VOERTUIE GEVIND EN BESLAG GELÊ OP | 351 | 9 | 9 | 12 | 10 |
| VERDAGTES GEARRESTEER - VERSKEIE MISDADE | 241 | 14 | 5 | 1 | 4+ |
| GESTEELDE ITEMS GEVIND - GESKATTE WAARDE | R170 MILJ | R4,5MILJ | R1,6MILJ | R5,4MILJ | R4,5MILJ |

| | MEI 2022 | JUN 2022 | JUL 2022 | AUG 2022 | SEPT 2022 | OKT 2022 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| GESTEELDE VOERTUIE GEVIND EN BESLAG GELÊ OP | 9 | 6 | 9 | 7 | 13 | 9 |
| VERDAGTES GEARRESTEER - VERSKEIE MISDADE | 10+ | - | 2 | 10+ | 12 | 5+ |
| GESTEELDE ITEMS GEVIND - GESKATTE WAARDE | R4MILJ | R2,7MILJ | R4MILJ | R3MILJ | R5,2MILJ | R4MILJ |

| | NOV 2022 | DES 2022 | TOTAAL 2022 |
|---|---|---|---|
| GESTEELDE VOERTUIE GEVIND EN BESLAG GELÊ OP | 6 | 9 | 108 |
| VERDAGTES GEARRESTEER - VERSKEIE MISDADE | 3+ | 8 | 94+ |
| GESTEELDE ITEMS GEVIND - GESKATTE WAARDE | R2,7MILJ | R4MILJ | R45,6MILJ |

2022 was 'n jaar vol hoogte -en laagtepunte. Ons dink met leedwese terug aan die plaasaanval in Januarie, asook die twee plaasmoorde wat in September plaasgevind het. Daar was verskeie ander misdade in die breër gemeenskap, van gewapende rowe en diefstalle tot renosterstropery. Danksy 'n betrokke gemeenskap en al die tegnologie wat Matlabas Plaaswag en Protection Connection tot ons beskikking het, is baie van die betrokke misdadigers gearresteer.

# MATLABAS PLAASWAG...

In Maart het Matlabas Custodians 'n baie suksesvolle jagpakket veiling aangebied met 'n totaal van 19 lotte. Die veiling het R427 000 opgelewer.
Op 12 November, tydens ons jaarafsluitingsfunksie, het ons 'n liefdadigheidsveiling gehou, waarvan die opbrengs R119 300 was. Hierdie fondse word aangewend om die bedryfskostes van Matlabas Custodians en sy affiliante te dek om sodoende ons omgewing 'n veiliger hawe te maak vir almal wat hier bly en ons besoek.

In Maart was daar 'n opleidingsessie deur Adv. Coert Jordaan aangebied. Van die temas wat behandel is, was oa. skiet insidente, arrestasies, konstitusionele regte, skryf van verklarings en vele meer.
Todd Lutman het die manne meer ingelig rondom die gebruik van honde op misdaad tonele en Hector Mountany het die spoorsny sessie gelei.

Daar word weer vir vroeg in die nuwe jaar 'n opleidingsessies beplan. Hou gerus die onderskeie Telegram groepe dop vir meer inligting hieroor.

Die Plaaswag gebied het ook intussen nog uitgebrei met die byvoeging van Plaaswag-Oos. Ons is baie opgewonde oor hierdie nuwe toevoeging tot ons reikgebied, wat ons "muur" van veiligheid versterk.

# MATLABAS PROTECTION CONNECTION

2022 is weereens gekenmerk aan groei, uitbreiding en baie suksesse. Die jaar is begin met 174 kameras op die Limpopo server en 72 kameras op die Noordwes server. Die heel nuutste syfers dui 'n aansienlike groei in ons netwerk, met 276 kameras op die Limpopo server en 104 kameras op die Noordwes server.
Ons het nou al sover as Marken, Tom Burke en Baltimore uitgebrei met 'n groot aantal kameras wat in daardie areas opgerig is.







RESQ
REGS- EN LEWENSONDERSTEUNING

# SEKURITEIT EN BYSTAND OP JOU FOON

AFGRI
UNIGRO
INSURANCE BROKERS

As 'n boer is jy goed bewus daarvan: as jy op 'n plaas in die verafgeleë platteland bly, is jy veral blootgestel aan diefstal en aanvalle. Afstand na plase en lang reaksietye gee aanvallers die gulde geleentheid om langer te vertoef, en slagoffers kan onderwerp word aan hoër vlakke van geweld as in woongebiede waar sekuriteitsdienste vinniger kan reageer.



## TEGNOLOGIE TOT DIE REDDING

Die ResQ-app bied jou die fasiliteit waar jy 3 nood kontaknommers kan inpons. Hierdie nommers sal geaktiveer word wanneer die paniekknoppie geaktiveer word.




## HELIKOPTERNOODDIENSTE

Jou ResQ-app verbind jou met die mediese noodspesialiste wat dadelik sal reageer met 'n oproep om lewensnoodsaaklike advies te gee en om te reël vir die nodige mediese nooddienste, onderhewig aan vliegtoestande.

- 24-uur beskikbaarheid.
- Helikopterambulans ten volle toegerus met Gevorderde Lewensondersteuning-toerusting en geregistreer volgens die CAA 138 Regulasies.
- Gevorderde Noodspesialis Paramedici.
- Mediese toerusting en medisyne.
- 24-uur Hulpsentrum wat die nodige nooddienste wegstuur, reguleer en protokol nakom.

## REGSHULP

Met jou ResQ-app het jy onmiddellike toegang tot omvangryke regshulp, van siviele tot kriminele sake wat die volgende insluit:

- Plaasaanvalle
- Plaasbesettings
- Ongemagtigde plaasbetreding
- Plaasarebeideronluste
- Plaasbeveiligingsdienste/patrollies
- Vee- of wilddiefstalbestryding
- Teeneise of klagtes

**Jy kan ook op addisionele dienste staatmaak:**

- Regsbystand met kriminele sake wat verband hou met bostaande aangeleenthede.
- Telefoniese regsadvies deur gekwalifiseerde prokureurs met betrekking tot eiendomsoordrag, egskeiding en kontraktuele sake teen voordelige tariewe.

## PRODUK-PRYSE

| Dek tot en met 5 family lede | Opsie 1 | Opsie 2 | Opsie 3 |
|---|---|---|---|
| Sekuriteit en Bystand | ✓ | | |
| Helikopternooddienste | ✓ | ✓ | |
| Regshulp | ✓ | | ✓ |
| **Totaal BTW ingesluit** | **R650** | **R400** | **R250** |

Bykomende Individue - **R123.00** per maand per persoon hierna (BTW ingesluit)
Noodhulp-kassie - **R1500** (Eenmalig) Afgelewer by een genommineerde adres.

www.resqapp.co.za

Om uit te vind wat die Resq-toep vir jou kan doen, besoek asseblief **resqapp.co.za** of skakel **(+27) 11 063 2347** en kry die gemoedsrus wat jy verdien.

*UNIGRO is 'n Gemagtigde Finansiële Diensteverskaffer | Bepalings en Voorwaardes geld | FSP NO. 1435

# MATLABAS CONSERVATION INITIATIVE

Op die bewarings front was dit 'n baie bedrwyige jaar vir Matlabas. 'n Maatskappy genaamd Arengo het aansoek gedoen vir mynregte op ‘n 12 500 ha area net Noord van Thabazimbi. Conservation Initiative is deur 'n aantal boere wat negatief deur hierdie bedrywighede geaffekteer sal word, genader. Ons het deeglike huiswerk gedoen en verskeie instansies genader en kundiges se raad is ingewin. Daar is besluit om die gemeenskap by te staan met die teen aansoek.
Ons het die bekroonde prokureursfirma Pinsent Masons aangewys om ons saak te hanteer.
Indien enige iemand bereid is om 'n bydrae te lewer, kontak asb. vir Lizelle.

Ons het ook 'n aansoek ingedien om deel te vorm van die UNESCO Waterberg Biosfeer Reserve. Indien hierdie aansoek goedgekeur word, behoort dit vir die groter gebied 'n baie positiewe impak in te hou.
Daar is tans 727 UNESCO biosfeerreservate in 131 lande, insluitend 22 oorgrensterreine, wat aan die Wêreldnetwerk van biosfeerreservate behoort.
Die WBR vorm deel van die “UNESCO Man and Biosphere Reserve Programme”
Die sleutel strategiese doel van die Waterberg Biosfeer is om die Limpopo provinsie die voorkeur Ekotoerisme-bestemming in Suid-Afrika te maak en om 'n ekosisteem te skep wat bewaring met volhoubaarheid en menslike ontwikkeling versoen.
Dit is ’n raamwerk wat hulpmiddele verleen en ons kan bystaan met raad ivm omgewings sake. Hulle het ons bv na verskeie persone verwys wat nou hulp verleen ivm die myn se teenaansoek.

2022 word ook gekenmerk deur twee reuse suksesse in Septembermaand in ons veldtog teen renosterstropery.
Deur ‘n gesamentlike operasie met SAPD Bedreigde Spesie Eenheid en Welgevonden is twee verdagtes aangekeer wat renosters wou stroop in die Vaalwater gebied.
Deur nog ‘n gesamentlike operasie met SAPD BSE, SAN Parke en Welgevonden is vier verdagtes aangekeer wat renosters wou stroop in die Steenbokpan gebied.

# MATLABAS IMPROVEMENT MOVEMENT

Aan die begin van 2022 met ons skryfbehoefte projek, is daar skryfbehoefte pakkette uitgedeel aan 76 laer -en hoërskool kinders.

Daar is 'n totaal van R36 000 aan kospakkies bestee. Ons het ook reuse vleis skenkings vanuit die gemeenskap ontvang, wat ons kon gebruik om die kospakkies aan te vul.

Hierdie jaar was ons Kersfees projek, die grootste nog sedert ons begin het daarmee in 2020. 'n Totaal van 95 bejaardes en 150 kinders kon elkeen 'n geskenk kry en daar is 'n bydrae gemaak tot hul kersetes. Hierdie projek se totale kostes het R109 825 beloop, waarvan R106 700 deur die gemeenskap geskenk is.






# MATLABAS IMPROVEMENT MOVEMENT...

Ons harte loop oor van dankbaarheid, om deel te wees van 'n gemeenskap wat soveel omgee en uitreik na hul medemens.

Ons skop die nuwe jaar af met ons Pakkies met Passie Skryfbehoefte projek. Hou ons sosiale media en Telegram groepe dop vir meer inligting hieroor.




Kersfees is viering van die geboorte van Jesus Christus, ons Verlosser, die Koning bo alle konings. Ons dink dan ook vooruit aan Sy kruisdood, waar Hy betaal het vir my en jou sondes. En ons dink in dankbaarheid dat Hy opgestaan het uit die dood, opgevaar het na die hemel en vir ons plek voorberei. En ons sien uit na Sy wederkoms.

Mag jou se feestafel gedek wees met hoop en dankbaarheid. Mag u elkeen die liefde van God intens beleef hierdie Kersseisoen.

Matlabas Bestuurspan - groete